Die boom, met sy neerhangende takke, is uiters geskik as tuinplant. Alhoewel die boom redelik bestand is teen ryp en droogte groei hy vinnig as daar baie water beskikbaar is.

Daar is ongelukkig min bekend oor die tuinboukundige aspekte van die meeste van ons inheemse plante. Dit kan hoofsaaklik daaraan toegeskryf word dat ons nou eers oortuig is van die sinvolheid om inheems te plant. Dit mag dus die moeite loon om bome wat in die omgewing voorkom ook in die tuin te plant. Ongelukkig is slegs enkele algemene inheemse bome by kwekerye beskikbaar. Die Botaniese Tuine van die verskillende streke kweek bome en ander plante wat in die streke aard en wat van tyd tot tyd aan die publiek beskikbaar gestel word.

Alle sketse uit PALGRAVE (1977) en PALMER & PITMAN (1973).


**BIBLIOGRAFIE**

DIREKTORAAT BOSBOU 1983. Boom van die jaar. Pamflet 304

FOX, F.W & NORWOOD YOUNG M.E 1982 *Food from the veld*. Johannesburg Delta Books.

PALGRAVE, K.C 1977. *Trees of Southern Africa*. Kaapstad: Struik

PALMER, E & PITMAN, N. 1973 *Trees of Southern Africa II*. Kaapstad A.A. Balkema.

VENTER, M.J.T. 1976 *Bome en struike van die Oranje- Vrystaat*. Bloemfontein: P.J. de Villiers.

VON BREITENBACH, F. 1974 *Suid-Kaapse bosse en bome*. Pretoria Staatsdrukker.


# PRIKKELPOP SE DOEN EN LATE


J.P. Watson


Haar massa is ongeveer 18 kg wat haar die grootste van al haar familielede in Afrika maak en verder is sy snags aktief. Bedags mag jy haar verras waar sy voor haar huis in die son lê. Van geselskap hou sy nie, maar verkies om alleen te wees. Dit is nie haar geaardheid om stil en besadig te wees nie, inteendeel, haar bewegings veroorsaak ratelagtige en krapperige geluide. Sy is 'n vegetariër en vleis eet sy selde of ooit en dan ook net as dit al goed beleë is met 'n maaier hier en daar. Die kos word verorber met byklanke van 'n gekraak, geknaag en 'n geklap.

Haar tuiste is in klipskeure of in gate in die grond waar vlooie en ander parasiete floreer. Die kleingoed, gewoonlik een tot drie, word in 'n tuiste met 'n grasvoering in die wêreld gebring. Tydens hulle aankoms is die klein karnallies al so goed ontwikkel dat hulle oë oop is, hulle kan rondloop en hul voortande is al ongeveer 5 mm lank. Laasgenoemde kan 'n probleem wees vir Prikkelpop, maar gelukkig weet hulle waar hulle melk vandaan kom. Die melkkliere is op haar bors, net agter die voorarms.

Aantreklik is Prikkelpop nie. 'n Man kan haar nie sonder handskoene aanpak nie en sy is in staat om haar man te kan staan. Keer haar in 'n hoek vas en raak vrypostig en vatterig, rys sy haar swart en wit, stywe, stekelagtige hare orent en maak waarskuwingsgeluide. Om dié waarskuwings te ignoreer, het pynlike gevolge.

Aantreklik is sy nie, haar gesig en tande is dié van 'n knaagdier en verder het sy 'n lang, roomkleurige snor en haar liggaamsaroma laat veel te wense oor.

*Wie is Prikkelpop? 'n Foto van haar verskyn op bladsy 24.*